SAKE 24 (Burger Kaap)
21 Apr 2011, p.28

Afrika-sakeskole 'moet eie ding doen'

Sakesiening
Carin Smith

Bestuurskole in Afrika behoort dringend 'n sentrale opleidingsakademie vir dosente op die been te bring.

Dit moet verseker dat dosente – hetsy plaaslik of uit die buiteland – behoorlike opleiding ontvang om klas te kan gee in bestuursvakke, sê prof. Danica Purg, hoof van die IEDC-Bled School of Management in Slowenië.

Dié sakeskool is 25 jaar gelede gestig toe Slowenië nog onder 'n sosialistiese bewind was, en is die oudste in Oos-Europa. Dit tel onder die 100 innoverendste bestuurskole ter wêreld, sé Purg.

"Ons het so 'n akademie vir dosente in Oos- en Sentraal-Europa, want 'n blote akademiese kwalifikasie stel iemand nie in staat om bestuursonderrig te gee nie," sê sy. "Dosente moet leer hoe om gevallestudies behoorlik te ontwikkel en aan die hand daarvan te onderrig."

Purg is ook die stigter en president van die Central and East European Management Development Association (Ceeman) met 185 sakeskole in 43 lande wêreldwyd as lede. "Ons is waarlik 'n internasionale vereniging en wil ons kennis deel," sê sy.

Purg het verlede week 'n konferensie van die Association of African Business Schools (AABS) in Kaapstad bygewoon. Die Universiteit van Kaapstad se nagraadse bestuurskool (UCT GSB) was die gasheer. Verteenwoordigers van meer as 30 sakeskole in 12 Afrika-lande het dit bygewoon. Onderwerpe soos verantwoordelike bestuur, die gehalte van bestuursopleiding en etiese en volhoubare sakepraktyke is bespreek.

Prof. Danica Purg, hoof van die IEDC-Bled School of Management in Slowenië, sê sakeskole in Afrika moenie alles wat hul eweknieë in die VSA en Wes-Europa doen net vir soetkoek opeet nie.

Sakeskole in Afrika moet volgens Purg nog 'n baie nouer verhouding met die sakesektor opbou om te verseker dat nuttige navorsingsprojekte aangepak word.

"Sakeskole in Afrika moet ook leer om trots te wees op wat hulle vermag en nie bloot enige gemors uit die Weste vir soetkoek opeet nie," sê sy.

"Ek is soms teleurgesteld om te sien hoe bekende buitelandse sakeskole bloot nageaap word in plaas daarvan om unieke Afrika-gevallestudies van die begin af op te bou."

Bestuurskoolorganisasies in Afrika kan na haar mening baie by dié in Oos- en Sentraal-Europa leer en andersom.

"Nie te lank gelede nie moes ons dieselfde soort uitdagings aanpak en besluit of ons bloot 'n Amerikaanse en Wes-Europese benadering wou volg en of ons ons eie unieke een wou ontwikkel.

"Afrika moet getrou bly aan homself. Natuurlik kan gekyk word watter internasionale praktyke ook hier kan werk, maar skenk veral aandag aan die grootste plaaslike behoeftes en veranderings wat benodig word," is haar raad.

Oos-Europese sakeskole het byvoorbeeld begin om op verantwoordelike leierskap en navorsing oor armoede te fokus.

Die internasionale ekonomiese krisis het volgens haar die sakesektor meer bewus gemaak van sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap in die breë.

Die besef het ontstaan dat leerplanne oor bestuur ook die konteks waarin 'n mens leef, moet insluit. Vakke soos etiek behoort dus 'n verpligtende deel van 'n bestuursleerplan asook 'n belangrike navorsingsonderwerp te wees.

Die vooruitsigte van ontwikkelende lande kan volgens Purg boonop soveel beter wees indien politici en die sakesektor leer om nouer saam te werk.

"Bestuursopleiding vir die private en openbare sektor behoort dieselfde te wees, want leierskap bly leierskap," sê sy.

Volgens prof. Jonathan Cook, voorsitter van die AABS asook voorsitter en uitvoerende direkteur van die Universiteit van Pretoria se Gordon Institute of Business Science, is verantwoordelike bestuur, goeie korporatiewe regering, etiese optrede en volhoubaarheid van kardinale belang in bestuursonderrig.

"Afrika het die potensiaal om welvarend te wees. Diegene wat aan bestuurskole op die vasteland gradueer, is die belangrikste hulpbron om doeltreffende bestuur te laat posvat.

"Ons moet bestuurders kweek wat uiters bekwaam en ook baie verantwoordelik is," sê hy.